pam 2

# LORD METHUEN

UITGEOORLÊ
DEUR

# Genl. KOOS DE LA REY



Generaal KOOS DE LA REY.

DEUR

G. A. VAN DER WALT

VAN D

## VERKLARING VAN KAART.

| | |
|---|---|
| →→ | Die rigting van die mag van Methuen. |
| ×× | Slaapplek van Methuen in die nag van 6 op 7 Maart 1902. |
| × | Die eerste skot op die Engelse deur Van Zijl se mense. |
| ◆ | Plek, waar die krygsraad gehou is deur Genl. delaRey. |
| ooo | Wagplek van Genl. delaRey se burgers in die nag. |
| I | Die wa laer en kanonne gevat, waar nou die kerkhof is. |
| II | Lord Methuen gevang as gewonde. |
| ■ | Huis as hospitaal gebruik. |
| III | Die karlaer gevat. |
| ➤➤ | Die rigting van die vlug en agtervolging |
| IV | Die laaste geskiet, vir die gevange 'n bees geslag. |
| K | Genl. Kemp se perd doodgeskiet. |
| □ | Buit gedeel. Toespraak van Genl. delaRey. |

Aan Japie Spoelstra
van Pa.

(E)


Holfontein
59
Valleiplaats
16
Zoothuis
Kameelboom
21
Klippan
46
Kameelboombult
209
Pletvlei
Klippan
56
Verdrend
13
Leeuwpan
53
Tochgevonden
27
Doornbult
55
De Klipdrift
235
Leeuwkuil
25
Dwaalkraal
270
Leeuwkuil
95
Bitterspan
Hartsrivier
Celliers
Schoonoord
9
Leeuw spruit
232
Ruigtevlei
243
Tweebosch
247
Wesselsdal
26
Palmietkuil
164
Rondepan
262
Klein Hartsrivier
Kareelaagte
238
Noodshulp
193
Joubertsrust
237
Vlakpan
231
Klipdrift
100
Rietkraal
242
Noitgedacht
5

# LORD METHUEN

UITGEOORLÊ DEUR

# Genl. DE LA REY

DEUR

G. A. VAN DER WALT

A. H. KOOMANS BEPERK — DRUKKERS EN UITGEWERS — POTCHEFSTROOM

*As 'n blyk van dankbare hulde
opgedra aan die nagedagtenis
van onse Kristen Stryder en
Ware Patriot
Generaal J. H. de la Rey.*

# VOORWOORD.

Omtrent die skrywe van die heer G. A. van der Walt, moet ek eers sê, dat dit vir die Afrikaner volk 'n baie mannelike daad gewees het, wat gedoen is met die slag teen Lord Methuen; maar die slag sal met die tyd vergeet word en die jonge Afrikaners kan 'n verkeerde verslag daarvan kry. Daarom is dit goed, dat daar sulke manne is, as die skrywer van die boekie om op die manier die waarheid te laat hoor. Ek vind alles goed, wat hier geskrywe is. Al was ek natuurlik nie in die slag nie, ek was ook nie ver af nie, en ek dink, dit sou goed wees, as daar manne sou wees om deur skrywe, die gebeurtenisse in die lewe te hou.

Ek is dankbaar om weer te hoor, hoe my dierbare man sy burgers toegespreek het met die woorde: ,,Moenie trots op julle self wees nie, as julle sien op die groot werk, wat julle gedoen het, maar julle moet altyd bedink, dat sonder die hulp van die Here, ons God, ons dit nooit sou gedoen het nie". En wat nou ook al gebeur mag wees, ek is nog seker, dat die Here nog 'n groot werk deur die Afrikaner Volk sal laat doen, so dat die hele wêreld sal kan sien en hoor, dat die ,,Here regeer", en die mens nie kan doen wat hy wil nie. Ons moet net getrouw bly, want waar ontrouw is, kan geen seën wees nie.

Ek wens hiermee ook nog my dank te betuig aan al die ,,Helde", wat met soveel moed en gewilligheid met my man gestry het vir ,,Vryheid en Reg", en wens dat die heldere lig oor hulle werk sal skyn.

Dit sy so.

MEVR. WED. GENL. DE LA REY.

# Lord Methuen uitgeoorlê deur Generaal de la Rey.

In ons Suid-Afrika weet amper elkeen nog iets te vertel van die oorlog van 1899—1902, en in die ou Republieke sit 'n klompie ou mense nie al te lang bymekaar nie, of hulle praat oor een of ander voorval van die daë. En tog begin die heldere beskrywing van die feite al dowwer en dowwer te word en begin 'n onbekende met die ware toedrag van sake al meer en meer te twyfel aan die waarheid, van wat vertel word.

In baie gevalle moet ons om die noukeurigste en bes vertrouwbare inligtings te kry al na 'n boek hardloop om seker te wees dat ons gin leuens met die waarheid verwar nie. En wat ons nou ongelukkig in boeke baie kere mis, is 'n lewendige populaire verhandeling van enkele bo andere uitstekende feite. Eén van die feite, wat wêrd is om altyd in die geheue van ons Afrikaanse volk bewaar te bly, is die geveg op 7 Maart 1902, waarby ons ou Generaal De la Rey aan die Engelse Generaal Lord Methuen gewys het, wat ons Afrikaanse boere wêrd is in die geveg, maar ook hoe hulle 'n beskaafde nasie is, wat weet hoe om 'n gewonde vyand te behandel.

Die plan van hierdie boekie is om op heel populaire manier, die slag te beskryf, om ons oues, wat mee geveg het nog 'n keer lekker te laat voel, en om die jonges te laat sien, hoe hulle met respek kan dink aan die dappere dade van hulle ouers.

... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ...

... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ...

Die Engelse magte het maar swaar gekry in die begin van 1902. Nie dat hulle bang moes wees om verslaan te word nie, want daarvoor was hulle oormag te groot, maar hulle moes gereëld sorg vir die aanvoer van kos, klere en

ammuniesie vir hulle self en ook vir dieselfde artiekels vir die boeremagte.

By die Boere het dit regtig gegaan soos 'n beroemde krygman gesê het: ,,Die oorlog moet die oorlog voed". Was 'n boerekommando amper uit van skietgoed en klere, dan werd 'n plan gemaak om 'n Engelse laer in hande te kry. Geluk dit, dan was in eens alles weer volop, want die ammuniesie werd van die vyand gevat, omdat dit die gewoonte is in elke oorlog, en die troepe werd geskud, omdat die boere gemeen 't, dat dit die enigste middel was om hulle skadeloos te stel vir die vat van hulle klere uit hulle kiste, wat by hulle vrouwens of moeders thuis gebly was, of met hulle familie saamgeneem na die konsentrasie kampe, misskien selfs verbrand was.

In die begin van 1902 was die magte van Genl. de la Rey in die Weste van Transvaal, ook kort van baie van die nodigste dinge, en die ou Generaal het gesien, dat hy 'n plan moes maak. Hy het gelukkig nie lang hoef te wag nie. Die Engelse was soms bang om die treine te gebruik om die nodige goedjies aan te voer, veral na min of meer afgeleë plekke. Lord Methuen het b.v. gemeen dat dit beter sou wees om 'n konvooi te stuur na Klerksdorp onder Kol. van Donnop, met 'n aantal waens, volgelaai met 'n goeie klomp kos, klere, ammuniesie, ens., dan om dit te stuur langs 'n groot omweg met die trein. Hy dink nie aan gevaar vir die konvooi nie. Maar Genl. de la Rey hoor van die spul en toe hulle hulle self kom kry is die boere op hulle en vat die hele konvooi by IJzerspruit. Dit was op die 25ste Februarie 1902. Toe die Engelse bevelhebbers dit hoor, het hulle seker maar 'n bietjie groen gevoel en dadelik planne uitgedink om van Genl. de la Rey weer af te neem wat hy gebuit 't. Dit het nie mooi gelyk nie om die boere in die besit te laat van so baie waens, muile, gewere, kanonne, patrone, ens. Wie sal nou ook lekker voel om jou te laat skiet met jouw eie skietgoed? Dis maar 'n bietjie hard! Die Engelse het besluit om Genl. de la Rey tussen twee Engelse kommando's in vas te keer, dan sal die klompie boere gouw-gouw ,,hands-up".

Die een Engelse kommando het op die 2de Maart van Vryburg vertrek, onder Genl. Lord Methuen, die ander kom van Klerksdorp onder bevel van Genl. Kekewich. Hulle sou probeer om albei op te trek na Rooyantjiesfontein, waar hulle die sewende Maart bymekaar sou kom.

Die twee magte sou trag om hulle vlerke so wyd uit te slaan, dat vir Genl. de la Rey geen mogelikheid sou oorbly om aan hulle gryparms te ontsnap . Hulle het skynbaar die krygsmanstalente van Genl. de la Rey te gering gea,g, en nie gedink, dat die boere dag vir dag met al hul: le bewegings bekend was nie. Die boere krygsmagte kom nou ook gouw agter hulle planne en wil trag om die twee gryparms van die Engelse magte nie alleen van mekaar te hou nie, maar Genl. de la Rey wou probeer om eers die een en dan die ander mag te oorrompel, want hy kon hom aan 'n geveg waag, daar hy by IJzerspruit genoeg ammuniesie buitgemaak 't. Genl. de la Rey wou nou seker weet of hy kon waag om aan te val, en stuur Genl. van Zijl agter die Engelse kolom, wat van Vryburg terug kom, aan, veral om die sterkte en gevegswaarde van die mag te kan uitvind. Van Zijl sien dat die osse van die Engelse swak is en hulle baie stadig moes trek. Dit was ook werkelik die geval en Genl. Methuen moes na die tweede dag al aan Genl. Kekewich telegrafeer, dat hy nie op tyd by Rooyantjiesfontein sou wees nie. Vir van Zijl was dit nou elke dag aanval en terugtrek, aanvan en terugtrek, want hy was alleen nie sterk genoeg om die magte te verslaan nie, maar hy kon rapporte stuur omtrent alles wat hy sien en uitvind en hy reken dit glad nie onmogelik om met verenigde kragte die hele laer te neem nie. Die Engelse offisiere voel lekker as Genl. van Zyl elke keer, soos dit lyk, verslaan word, en hulle maar elke dag kan verder trek. Maar by één geleentheid was hulle deur die aanvalle van van Zijl so moedeloos geword, dat Genl. Methuen self die orde onder sy troepe moes herstel. Vir Methuen was dit onplesierig om te sien dat sy mense so min wis van vastrap. Toe by Barberspan een van die offisiere in die aand dit waag om vir Lord Methuen te sê dat die

27 SEP 5 6
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

boere weer lekker pak gekry het, toe hy durf roem en spog op hulle eie mag en hulle eie dapperheid was Lord Methuen nie al te erg ingenome met sy spoggery nie en waarskuw vir die grootpraat met die woorde: ,,Ons weet nie wat voor is nie, hulle het vandag moes hardloop, altemit is dit more ons beurt om swaar te kry''.

Dit het nou al begin te lyk soos oom Niklaas van Rensburg, die ou siener, vertel het van die laer, wat van Vryburg kom. Hy het vertel: ,,Ek sien 'n rooi skilderbul van Vryburg kom, sy horings staan reg vorentoe, hy wil graag baklei, hy is moedig en sterk, maar as hy by Barberspan kom begin sy horings te hang, sy moed is uit, hy begin al sleg voel. Maar dit sal nog slegter met hom gaan, want as hy by Hartsrivier kom, sal hy helemaal poenskop wees, hy sal nie meer kan stoot nie; hy moet dus ontwapen wees.'' 1Daar sien die ou profeet die boere al tussen die waens en kanonne van die Engelse rondstap, waaruit hy seker meen te mag opmaak, dat die boeremag die hele Engelse laer sal vat. As ons dink hoeveel kere die ou profeet deur sy gesigte te vertel, die boere al van groot nut gewees 't, nederlae afgewend, overwinnings mogelik gemaak 't, dan kan ons ook dink hoe Genl. de la Rey nie kon twyfel nie of hy sou net as by IJzerspruit die hele Engelse kolom weer in hande kry. Genl. de la Rey was gewoon, om altyd vir Oom Niklaas te vra: ,,wat sien jy nou?'', en dis ongetwyfeld dat ook vir die keer die gesigte van die profeet nie sonder invloed op die planne was nie. Dit neem egter nie weg nie, dat die vegsplanne agter mekaar geset werd so goed as mogelik was.

Van Barberspan trek Lord Methuen eers nog met Groot Hartsrivier op, om later die loop te volg van Klein Hartsrivier. Vir 'n enigsis grote laer was dit altyd die veiligste om in die nabyheid van die riviere te bly. Ver van die riviere oor die bulte wa soms te min kanse om water te kry.

Op die more van die sesde Maart kort na brekfis kom die laer van Methuen op die plaas Tweebosch. By die huis van Mnr. Schutte was al 'n klompie van van Zijl se mense

om na klere te kom kyk,watdievrouwmense vir hulle sou maak. Onverwags was die Engelse naby gekom en werd eerste gesien deur één van die dogters. Die klompie mense onder hulle offisiere moes alles net so laat staan om te kan uitja. Die Engelse het so op hulle geskiet dat party toe was onder die stof van die skiet, maar hulle kom alger uit. Toe hulle alver genoeg weg was het die Engelse nog so geskiet, dat die koeëls op die dak geval 't. Dit het nog maar 'n kort rukkie geduur en die perderuiters was met die hele kolom op die werf. Die Engelse weet nou ook, dat van Zijl se mense dig by is en hulle trek die bommaksim reg aan die regterkant van diehuis ,en 'n groot kanon 40 tree weg aan die linkerkant. Tussen die kanonne het die voetgangers vol gelê. Die skiet hou 'n tydjie aan en die vrouw van Mnr. Schutte wil van angs onder die katel inkruip, maar die klein kindertjies hou haar so vas, dat sy nie onder die bed in kon kom nie.

Toe die mense van van Zyl pad gegee 't en die troepe van Lord Methuen van die boere niks meer te vrese gehad 't nie, moes die vrouwens gestraf word, omdat 'n klompie boere op hulle werf gesien was. Die huise van die vrouwens was gevaarlik vir die Engelse magte en moes afgebrand word. Die troepe kap vrugtebome af, soek droë voormaakgoed bymekaar, dra alles in een groot hoop voor die deur en wil begin vuurmaak. Die ma in die huis soebat om haar huis gespaar te kry, maar mooipraat van haar kant help niks.

Gelukkig vir haar kom daar 'n man in, wat homself bekend maak as éen van die familie van Mevr. Schutte, tenminste na lang praat kom uit, dat h a a r ma s y tante was. Hy het skynbaar soveel invloed gehad, dat op sy voorspraak die huis gespaar gebly is. Gelukkig vir die vrouwens dat die man daar was, maar die ma in die huis het hom sleg gesê. Hy het skaamgekry en het na die slag weggeja om nie weer saam met die Engelse te veg nie. is na Duits Wes gegaan en is lang na die vrede eers terug gekom en het toe die groete laat weet aan Mevr. Schutte, met die betuiging daarby, dat hy op die more van die se-

wende Maart die Engelse verlaat en sleggevoel 't oor die hulp wat h ydie vyand verleen 't. Die vrouwmense was bly oor die huis toe gespaar werd, maar het tog 'n sware dag deurgebreng. Alles wat in die huise was vir kos, is deur die troepe weggevat. Die ma en die kinderkies moes sonder kos en iets om te drink bly die hele dag en die nag wat gevolg 't en het eers die tweede dag water kon kry. Elkeen kan sig voorstel hoe swaar dit was met ses klein kindertjies. Ongeveer drie kwart mijl van die huis van Mnr. Schutte het 'n getrouwde dogter gebly, wat deur 'n suster en 'n buurmeisie geselskap gehou is in die moeilike dae.

Dig by die huis was die staanplek van 'n klompie Kaapse basters of ,,Cape Boys'', en wat vir 'n naarheid dit vir die drie vrouwmense afgegee 't is moeilik om te skrywe. Hulle vra één van die jongnooiens om vir hulle uit die Bybel voor te lees en vir hulle te bid. Hulle spot met alles wat die vrouwens as heilig beskouw 't. Toe die nooi nie wou lees nie, wil éen van die basters die Bijbel by haar afneem, wat sy onder die arm gehou 't. Maar hy het sleg afgekom, die Bybel is beskerm deur 'n boerdogter wat sterker was as 'n ,,Cape Boy''. Sy het hom in sy gesig gevat en met éen ruk teën die grond gehad en toe moes hy sukkel om op hande en voete by die deur uit te kom. Geen wonder was dit om te sien dat die Bybel met soveel moed verdedig is nie, want van die nege Bybels was dit die laaste van die gesin. Ag Bybels was by vorige geleenthede al deur die vyand vernietig. Die drie vrouwmense was met die vyftien basters opgeskeep van 10 uur smorrens tot 2 uur smiddags, toe daar 'n Engelsman kom, aan wie die vrouwens vra om die basters weg te vat, maar hy klop op hulle skouer en sê indieEngels: ,,Dis my jongens, hulle moet hier bly''. Die Engelsman was net so lastig as die ,,Cape Boys'' self en wil pröbeer om éen van die meisies te soen, maar sy het 'nklompie vurke in die hand gehad en het hom hiermee so toegetakel, dat hy die soen vergeet 't. Die basters het toe weer nuwe moed gekry en begin nog leliker praatjies te maak as voorheen. Die vrouwens kon nou nie meer hou nie en het probeer om hulle

met brandende stompe hout uit die huis te ja. Die basters sê vir di vrouwens, dat hulle die vuur mooi moet aanhou, want hulle wil Genl. de la Rey hierop braai. Hulle wil Genl. de la Rey dood maak soos hulle die vorige dag Koos Steyn en Cornelis Jooste vermoor het, maar die vrouwens sê, dat hulle maar mooi moet oppas, want de la Rey sal kom, en dan sal hulle soos geel kraaie op die veld lê en doodgaan.

Die basters lag oor die uitdrukking en sê, dat hulle wel swart kraaie maar gin geel kraaie ken nie. Hulle maak of hulle glad nie kan begryp nie, dat die vrowens dink aan hulle geel khaki-uniforms. Eindelik kom daar 'n koloniese boer aan wie die vrouwens vra om 'n plan te maak, dat die basters van hulle af kan wegkom. Die man het vir die vrouwens jammer gekry en het sy invloed gebruik by die offisiere en nou was die plaery op 'n end. Om die huise is nou 'n wag geplaas en die vrouwmense is gin las meer aangedaan nie, maar van barmhartigheid ten opsigte van hulle kos of drinkgoed was gin sprake. Die enigste melkkoei by die huis het hulle voor die oë van die arme mense in die kraal doodgeskiet. Die kleintjie van twee jaar het teën die aand erbarmelik begin en huil van die honger, maar gin mens het medelyde getoon nie, dan 'n rou Engelsman, wat 'n klompie ,,biscuits' en ,,jam' gebring het. Toe dit donker wou word stap die drie jong vrouwens na haar ma se huis, elk gewapen met 'n stuk yster, een het 'n dommekrag-sleutel gedra, die ander twee elk 'n stuk koevoet, maar hulle is gelukkig nie langs die pad lastig geval nie.

Toe hulle by die ma kom, het die arme mens van al die swaar so vreeslik gelyk, dat hulle sommer in trane uitbars, en die woede teen die vyand nog hewiger word. Hulle was bly, dat vir die nag drie wagte om die huis geset is, maar toe hulle die deur toemaak sê hulle nog: ,,julle moet nou goed wag hou en baie mooi oppas, want voor julle gaan slaap, sal Genl. de la Rey julle kom nag sê." Die vrouwens het geweet, dat Genl. de la Rey naby was met al sy mense, maar die troepe van Lord Methuen

het gelag, hulle het gemeen dat vir hulle niks te vrese was nie. Hulle kon nie weet nie, dat van Zyl net probeer 't om uit te vind, hoe sterk die Engelse mag was, en nou met Genls. de la Rey, Kemp, Celliers, Liebenberg en die verskillende Kommandante en Veldkornette, in hulle nabyheid 'n vergadering van 'n krygsraad bywoon en verslag gee van sy ervarings vanaf Soutpan (die teënwoordige de la Rey).

Die Krygsraad werd gehou onder leiding van Genl. de la Rey, op die plaas Gunsteling, ongeveer ses myl van die slaapplek van Lord Methuen. Op die boerekrygsraad kon Genl. de le Rey meedeel, dat die boeremagte, wat hon saamwerk om Methuen aan te val, bestaan uit ongeveer 560 man. Die mag van die vyand was baie groter, maar die boerevoormanne het geweet dat die gevegswaarde van hulle burgers kon goedmaak, wat aan getalsterkte mag ontbreek. Feitelik elke boerestryder het 'n perd gehad, en 'n groot aantal het gewoon in die streek, waar geveg moes word. Hulle het elke kuil, elke voetpaadjie, boom, huis, murasie of kraal geken, en sonder al te lang praat was besluit om 'n aanval te waag. Alles werd nou mooi afgepraat en elke voorman moes presies weet, wat hy met sy burgers moes doen.

Genl. van Zyl kry die opdrag om agter die Engelse mag te bly so dig by as hy maar kon, sonder dat die Engelse hom moes gewaar. As die Engelse die volgende more nie verder sou trek nie moes hy met lig word die kampplek aanval. Die hoof van die Spioenkorps van die boere kry 45 man by hom. Dit was Mnr. J. Lombard. Hy moes met sy manne so dig by die Engelse gaan, dat hy elke beweging dadelik sou kan rapporteer.

Die ander burgers onder hulle offisiere kry hulle plekke aangewys al langs Klein Hartsrivier op in een lang ry, want hulle het gemeen die Engelse sal die kant opkom, deurdat Genl. van Zijl 'n rapport in hande gekry het, deur twee rapportgangers te vang, waarin Lord Methuen aan Genl. Kekewich rapporteer dat die kommando van Lord Hethuen sou optrek langs Klein Harts rivier. So sou

die boere moet bly staan met die toom van die perd in die arm, tot die eerste skot by vanZyl se kommando sou val, wat die teken sal wees, dat almaal moet klaar wees.

Solang die krygsraad gehou werd, het één perd amper die hele ding in die war gestuur. Die perd van Mnr. Celliers, die broer van Genl. J. Celliers, wou nie mooi staan nie, en die eienaar was verplig om die toom aan die stiegriem vas te bind. Die perd draai en draai in die rondte tot die saal afgly, en die perd skrik. 'n Hele klomp perde skrik vir die één en set die rieme neer. Gelukkig hol hulle nie na die Engelse se kant toe nie. Was dit gebeur, dan was alles misluk. Dit was toe 'n hele warboel, maar die meeste perde was gouw weer in hande. Enkele was egter baie weg en kon in die nag nie gekry word nie. 'n Paar is later eers gekry in die distrik Wolmaransstad.

Wag is altyd swaar vir 'n mens en Genl. de la Rey het nie so gouw as hy dit verwag 't nie rapporte gekry en stuur nog meer mans uit om te spioen. Hy kan dan afwisselend rapporte ontvang, dan van die een en dan van die ander, dan weet hy presies wat aangaan, viral as die spioene niks van mekaar weet nie en elk vollens eie planne moes handel. Daardeur is die ou generaal so gelukkig gewees, om amper elke half uur berigte te kry van die bewegings in die kamp van Lord Methuen, en al baie vroeg in die more het hy geweet, dat die Engelse klaar gemaak 't om te trek.

Dit was natuurlik nooit stil die nag van rumoer nie, en omdat die lug so min of meer uit die Suide getrek het, kon die honde op De Klipdrift, die drukte hoor, tenminste die groot waghond van Mnr. Coetzee, op De Klipdrift, blaf die nag elke keer. Die ou tante en haar skoondogter Sannie met haar vier kindertjies het in één huis gaan slaap, die laaste maande van die oorlog, en hulle voel maar onrustig as Jameson elke keer die nag so geweldig blaf na Tweebosch se kant toe, want ook hulle het geweet dat Lord Methuen aan kome was van Vryburg, en vanaf Barberspan opgetrek het al langs Klein-Harts rivier.

Hulle kyk die nag elke keer uit, maar hulle gewaar dan niks. Weinig kon hulle dink, dat hulle werf 'n gedeelte van die slagveld sou word op die Sewende Maart. 'sMorens kort voor dagbreek kon hulle al in die verte perdepote hoor, maar dit was nog te ver om te kan uitmaak of die geluid nader kom of nie. Maar uit voorsorg gaat die skoondogter met een van die kindertjies, 'n seuntjie van amper ses jaar oud, na haar eie huis, omtrent 150 tree van haar skoonmoeder se huis af, om te maak dat die huis nie alleen moet staan nie, as daar gevaar kom. Hulle het geweet die Engelse kan maar elke oomblik kom, en dan verniel hulle nog meer as daar gin mense in die huis is nie, dan as daar één is, wat nog 'n bietjie kan keer.

Die offisiere van die Boeremagte dus nie alleen nie, maar selfs die vrouwens en kinders op aangrensende plase het kan dink, dat die sewende Maart 'n dag vol verrassing sou kan word. Die offisiere het hulle berigte gekry oor die Engelse kamp maar Lord Methuen het in die loop van die nag sy bes gedoen om ook so goed as moontlik met die boeremagte en met die plaatsing van hulle manne bekend te word. Dit is hom ook geluk, want vollens die "Times History of the War" het Generaal Lord Methuen deur sy „intelligence officers" in die loop van die nag twee keer 'n rapport gekry, waaruit hy kon opmaak, dat Genl. van Zyl sy magte verenig het met die gekonsentreerde magte van Genl. De la Rey, Kemp, Cilliers, enz., en dat al die magte klaar staan om hom op te wag in die pad wat hy die laaste dag gevolg 't en wat hy verder moet volg om Keckewitch te ontmoet.

Vir Lord Methuen het die wereld toe maar snaaks gelyk, en in die nag maak hy sy planne reg om aan die boere te ontkom. Hy wil die sewende Maart probeer trek oor De Klipdrift na Leeuwkuil, want hy het gehoor dat daar water was. Hy wil so vroeg in die more vertrek, dat die boere se planne moes misluk. Omtwee uur in die nag laat hy die osse inspan om te trek. Alles gaan so stil as mogelik. Maar Genl. Celliers sou gouw genoeg hoor wat aangaan. Hy het onder sy mense twee bewoners van

Tweebosch, wat hy goed vertrouw en hulle is in die donker so naby Lord Methuen se laer gegaan, dat hulle mooi kon hoor, hoe die osse ingespan word, en hoe wa na wa reggetrek word in die pad, wat oorgaan na De Klipdrift. Om drie uur laat vat die ossewa-drywers en een van Genl. Celliers se spioenery om die Generaal te vertel, wat hulle gehoor het. Die boerekommando kon nou vertel word, wat misskien sal moet gebeur. Die Engelse sal nie meer na hulle toe kom nie, soos verwag was, maar hulle sal die Engelse moet gaan soek. Om vier uur laat Genl. Methuen die kar en trollie laer en die perderuiters vat agter die ossewaëns en voetgangers aan, en nou duur dit ook nie lang nie of dit begin 'n bietjie lig te word.

Genl. van Zijl laat opklim sodra die Engelse van hulle staanplek weg is, en net toe dit effe lig is, val die eerste skote tussen die agterste Engelse. Vir Genl. van Zijl was dit n sware uur. Met 'n klompie mense moes hy veg teën die grote oormag, maar hy waag dit. Die grootste ongeluk vir hom was nog dat by sy kommando nie genoeg ammuniesie was nie, vir 'n aanhoudende geveg, en na 'n paar sarsies het dit gelyk of hy die plan om verder te agtervolg maar sou moet opgee. Hij laat egter sy manne nie merk nie, hoe gevaarlik die onderneming op die oomblik was, en sy manne ja al digter by hulle. Maar Genl. de la Rey hoor die geveg en sal sy bes doen om Genl. van Zijl te help.

Deur die verandering in rigting deur Genl. Methuen, was die boere onder die verskillende offisiere baie verder af dan hulle lief was. Hulle kry orders om nie te ja nie, voor hulle die Engelse kan sien. Die boere was bly, want hulle het gestaan en wag met die tooms van die perde in die arm, sonder dat die Engelse gekom het. Nou kan hulle storm en moet tot rigting die geraas van die geskiet vat. Hulle moet ry in gelid drie tree van mekaar. Nie één mag te vinnig vorentoe ry en nie één mag agterbly nie. Genl .de la Rey gee sy adjudant die opdrag om die een wat agterbly aan te roer om in die gelid te kom. As één nie by bly nie moet hy die perd slaan, en as die perd

ingehou word moet hy die man raak. Dit het baie mooi gegaan tot hulle die Engelse magte kon gesien 't. Dit was toe op Palmietkuil en die perde het toe al driekwartier afgelê. Al het die burgers nie geja nie, tog het hulle uit die staanspoor maar laat hardloop so styf teen die toom. Genl .de la Rey is self eers agter gebly om te kyk of party van sy burgers nie wou probeer om hulle lyf weg te steek nie, maar die agterbly van die ou Generaal was nie nodig nie. Gedurende die laaste maande van die oorlog was die lafhartiges al uitgesak. Die manne, wat nog by die kommando was, kon almal getel word as vegsmense. Nie éen man het agtergebly nie.

In die twee jaar en ag maande van die oorlog is seker baie selde 'n klomp burgers so gelyk op die vyand ingestorm, en toe die boere Palmietkuil se bult uitkom en die Engelse sien, kry die perde die volle toom en moet hardloop vir al wat hulle werd is. Al die offisiere kommandeer niks anders nie, dan... storm. Van Zijl se mense is nog altyd agter die Engelse, maar nou dat hulle die manne van Genl. de la Rey sien kom, storm hulle so dig by, dat Genl. de la Rey nie meer kon sien nie, waar die vyand se magte ophou en hulle eie mense vat. Om vyf uur in die more was die staf van Genl. Lord Methuen op De Klipdrift, of eintlik sowat op die lyn van Leeuwkuil 95 en De Klipdrift. Dit skyn hulle plan om die boere naby te laat kom, voor hulle die vuur op die aanstormende burgers open. Hulle wil die boere óf vang óf doodskiet. Die voetgangers van die Engelse sukkel net om iets te kry, wat as beskerming kan dien. Die éen gaat lê agter 'n miershoop, wat volop is op die plek waar hulle die boere afwag, ander weer val plat in die pad, wat 'n bietjie diep uitgery was en daarom tamelik goed kon dien vir 'n fort.

'n Gedeelte van die Engelse perderuiters, ongeveer tagtig draai om en maak 'n beweging of hulle die boere wil storm. Hulle ja met die Palmietkuilse lopie op, maar toe hulle op ongeveer twee honderd tree kom, gee Genl. Celliers order om af te spring en dit was net éen sarsie,

toe het van die ongeveer tagtig Engelse perderuiters nie één meer gestorm nie, wat nie geskiet was nie, was afgeval. Die klomp was dus gou kaf gedraf en die burgers klim weer op. Eén van die jong burgertjies merk toe hy die derde keer skiet, dat sy geweer weier. Hy kyk na die oorsaak en vind uit, dat die naald gebreek was. Hy was dus so goed as ongewapend, en weet nie wat hy nou moes doen nie. Hy sien twee Engelse éenkant ry en dink hy sal probeer éen van hulle te vang om dan die Engelsman se geweer te vat. Hulle weet natuurlik nie, dat sy geweer nie wil skiet nie. Hy ja na hulle toe, en weet nie, dat die twee perderuiters offisiere is nie, wat na 'n klomp voetgangers kyk, wat aan die kant van 'n droë pannetjie lê. Hy sien alleen die twee perderuiters, wat skynbaar gin ag op hom gee nie. Toe hy op sowat tagtig tree van hulle kom, wil hulle by hom verby ja na die voetganger-regimente, maar die burgertjie ja tussen hulle deur en kéér een af. Hy skree teën die Engelsman ,,hand-up", wat hy dadelik doen en sy geweer weggooi. Die boertjie gooi nou ook sy geweer weg en gryp die Engelsman se geweer. Hy sien die geweer is nog nuwt en die magasyn vol met patrone. Met die gevatte geweer skiet hy na die ander Engelse offisier, en skiet sy perd plat. Die dier val op die arme Engelsman se been en hy word ook ontwapen. Twee Engelse offisiere werd op die manier ontwapen, deur 'n jong burger, wat ongewapen op hulle toegery het. Toe die laaste offisier sy geweer afgegee 't, begin hy en skree na die voetgangers, wat toe onverwag begin skiet op die boertjie, dat dit so kraak, maar wat hulle het almaal mis geskiet.

Die ander Engelse perderuiters ja algar na die kanonne, om die wa- en kar-laer en kanonne teën die aanstormende boere te beveilig. Eindelik toe die boere op ongeveer sestien honderd tree was, begin die Engelse op hulle te skiet dat dit so kraak. Die koels fluit en gons om die boere maar dit lyk of hulle gin gedagte kry nie, dat die lood dodelik kan wees. Hulle ja onder die skiet in, amper

van alle kante, want Genl. van Zijl met die Grikwalanders druk nog altyd op van agter, die mense van Marico sluit hierby aan, aan die regterkant, dus regs van agter. Dan volg regs in die flank die Lichtenburgse mense van Wyk II onder hulle dappere veldkornet Klaassen, terwyl die mense van Wyk I en III ja om van die regterkant voor om te ja, om op die manier die uitvlug te belet. Daartussen was natuurlik nog die mense van Genls. Kemp en Liebenberg. Ons moet nou egter nie dink nie, dat elke burger presies by sy eie offisier was. In hierdie geveg moes elkeen maar gehoorsaamheid betoon 't, aan die offisier wat die digste by hom was. Gelukkig maar, dat al die burgers amper die laaste offisiere geken het. Elk een het geweet, wie Genl. Kemp, Kommandant Vermaas, Genl. van Zijl, of Genl. Celliers, of enige ander offisier was.

Die Engelse hou aan met skiet. Dit het soms gelyk of 'n haelbui om die boere val, maar nie één het omgedraai nie, hulle het deurgestorm, totdat hulle op ongeveer vierhonderd tree kom. Daar klim 'n gedeelte af en begin skiet. Die meeste boere was toe nog in die laagte, wat oor Palmietkuil loop, en begin al van die agterste voetgangers van die Engelse te kry. Die eerstes steek al die hande op, en word ontwapen, maar die boere het gin tyd om die gewere saam te vat nie. Hulle vat net die slot uit die geweer, neem dit onder die verder jae saam, en gooi dit dan maar weg. Die gedeelte, wat nie afgeklim het, saam met die eerstes nie, ja nog maar altyd vorentoe. Landdros Boshoff met sy maat ja dadelik dwarsdeur die voetgangers heen.

Vir die boere was dit 'n gevaarlike rukkie, omdat die Engelse voetgangers versprei oor die veld was, en dapper aanhou met skiet al was die boere tussen hulle en die laer. Die Engelse het toe ook hulle kanonne reggetrek en het met drie Armstrongs en drie bommaksims hulle bes gedoen, om die boere terug te keer, maar die boere laat hulle eenvoudig nie keer nie. Op 500 tree van die kanonne

af, spring 'n klomp burgers af en na twee of drie sarsies, het die Engelse wel kanonne gehad, maar nie een kannonnier om te kan skiet nie. Toe die Engelse met die kanonne begin skiet het, het die boere-artillerie ook hulle grof geskut reggetrek aan die Suide-kant van die loop oor Palmietkuil, op die bult. Maar hulle het amper maar kon stil bly, want die boere het na die stilbly van die Engelse kanonne nog digter by geja om na die vat van die kanonne op die laer aan te val.

Veldkornet Klaassen klim af met Ignaas Badenhorst, om op die laer te skiet, en sien nie die Engelsman, wat vlak by hulle, agter 'n miershoop lê nie. Onderwyl dat die twee boere op die laer losbrand, skiet die Engelsman agter die miershoop om en tref vir Badenhorst. Die Veldkornet sien dadelik dat dit 'n dodelike skoot was, en weet dat hulp niks meer aan hom kan doen nie. Hy meen, dat die beste maar sal wees, om die vyand ook dood te skiet, wat hy ook dadelik doen. Die boere moes vorentoe ja, die laer skiet en die voetgangers ontwapen.

Op Palmietkuil was 'n wa vol voetgangers bymekaar, wat almaal gelyk „gehandsup" het. Alleen die laër was nog eenkant, verder was die vegsmense van beide kante deurmekaar. Maar toe die perderuiters van Genl. Methuen sien, dat die boere so gelyk bly en altyd maar vorentoe kom, dink hulle dat dit vir hulle beter sou wees en gee pad. As 'n ordelose klomp ja die perderuiters uit en word gevolg deur die karre en trollies, wat deur muile getrek is. Die wegja, of liewer die vlug van die perderuiters, karre en trollies, het die boeremag uit mekaar geruk. Eén gedeelte van die burgers ja agter die laer om en 'n ander gedeelte ja voor om, om die vlugters nog te vang, maar 'n betreklik klein gedeelte bly agter om op die laer te skiet. Ons sal later sien hoe dit met die vlugters gegaan is.

Genl. Methuen bly toe met die wa-laer (die ossewaens) op die staanplek agter. Die boere, wat nie agter die vlugtende Engelse aan was nie, ja tot op drie honderd tree van die wa-laer en klim daar af. In die laer was

nog 'n klomp voetgangers, wat net op die klein klompie boere aanhou skiet. Maar dit was nie al te lang nie, of hulle moes die witvlag opsteek. Die boere kom aan om die vyand te ontwapen en terwyl hulle al hiermee besig was, skiet 'n kaffer, wat in 'n wa, onder 'n bokseil gelê het, nog vir Jan Louw, 'n onderwyser, dood. Dit was vir Jan Louw 'n doodskoot, na die vyand oorwen was, maar die maat van die onderwyser skiet ook dadelik die kaffer, dat hy nie weer opgestaan het nie. Die boere vat nou die hele wa-laer, met al die goed, terwyl hulle alreeds die ses kanonne gehad t. Soos ons gesien het, het die perde-ruiters gevlug, toe die boere glad nie, met die gewere of kanonne, te kere was nie. Alleen sewe gerderuiters het nie uitgeja nie. Hulle was te dapper om te vlug en bly op hulle knieë voor die perde staan en skiet. Die boere het die sewe dappere manne jammer gekry, maar hull kon nie anders of maak 'n sarsie op hulle, want die geskiet van hulle kant, sou baie boere die lewe kan gekos 't. Een sarsie was voldoende; na die skiet van die boere was van die sewe maar twee ongewondes oor. Die ander vyf was dood of gewond. By die kanonne was 'n jong offisier, wat aangehou het met skiet, na al die ander al amper buite geveg was. Die boere order hom van ver om die wapen neer te gooi en die hande op te steek. Hy het toe al reeds 'n paar koeëls deur sy lyfgehad, maar hy weier beslis, hy wil nie ,,handsup'' nie, en skree op die aanhoudende geroep van die boere om hom oor te gee, in die Engels: ,,Ek wil liewer dood, dan my oorgee', en die gevolg was natuurlik dat hy geskiet is. Die dappere jonge man, Nesham was sy naam, het die naam van held verdien, al is dit misskien van 'n held nie goed te keur nie, om sy lewe op te offer, wanneer dit nie meer op die oomblik as 'n voorbeeld kan dien nie, en die verlies van die slag al reeds 'n voldonge feit is. Vriend en vyand sal hom bly bewonder vir die kloekmoedigheid, waarmee hy die dood afgewag, ons kan byna sê, verag het. Ons sou van so'n jong man in sy ver-

dere lewe baie verwag het. Sy graf is versier met 'n mooi marmer grafsteen waarop die volgende geskrywe is:—

,,Thomas Peere William Nesham,
Lieutenant Royal Field Artillery.
Only son of the late Rear Admiral Nesham
and Constance, his wife.
Born 2nd. May, 1880.
Killed while gallantly serving his guns.
Tweebosch, 7th March, 1902.
He prefered Death to Surrender.
This cross is placed by his mother in loving memory.
Pro Christo, Rege et Patria".

In die tyd, wat om en by die laer geveg was, het party van die voetgangers weggehardloop na die kraal van die heer Coetzee om daar posiesie te vat. 'n Gedeelte was gevlug na die twee woonhuise, waar die vrouwens en kinders nog opgepas het vir hulle goedjies. Uit die kraal is die klomp Engelse nog kwaaier begin te skiet, en die klompie boere, wat nie agter die vlugters aangeja het nie, moes maar hulle bes doen. Drie man ja om die kraal maar kon nie sien hoeveel manne agter die kraalmure gelê het nie. Omdat die boere-offisiere altyd getrag het om so min mogelik mense te verloor, het hulle gedink, dat dit die beste sou wees, om maar die kanonne op die kraal te set. Eén van die Kanonne, wat nog maar 'n kort rukkie in besit van die boere was, het hulle mooi reggetrek en binne enkele minute val die eerste bom van éen van die Armstrong kanonne midde in die kraal. Dit was dadelik 'n baie mooi skoot, maar die bom het in die sagte mis nie gebars nie. Toe het hulle gouw 'n bommaksim reggetrek en met die eerste skoot hieruit, lê daar 'n stuk van die kraalmuur teen die grond. Die klomp in diekraal wat gedink het, nog baie kwaad te kan doen, skrik al geweldig en toe die tweede bom bars, steek hulle die teken van oorgawe op. Dit wapper van die witvlaggies. Die drie boere wat in die nabyheid van die kraal gebly was, ja na die hek en skrik

hulle amper asvaal, toe hulle sien, dat in die kraal meer as vyftig gewapende manne is, wat met één sarsie hulle drie kan pap skiet. Hulle skree egter: „Gooi neer julle roers of ons skiet julle die laaste een dood", en dadelik hoor hulle die eienaardige gekletter van gewere wat neer gegooi word. Toe hulle die wapens kom vat, kry hulle in die kraal tussen die lewende en ongewonde Engelse vyf troepe, wat doodgeskiet was en drie dooie perde.

In die een huis was die moeder met 'n klein seuntjie, in die ander die Ouma met drie kindertjies, waarvan die jongste nog maar twee jaar was. By die Ouma in die huis was sewe bale wol weggesteek vir die vyand, wat nou deur die ou-mens gebruik werd vir 'n fort, want sy was met die kindertjies hieragter weggekruip so laag as wat maar mogelik was. Die troepe by die vrouwens in die huise het gekap vir hulle lewe om skietgate deur die mure te maak. Net so gouw as 'n skietgat klaar was, doen hulle hulle bes om die boere af te keer. Die moeder met die een seuntjie het onder die bed ingekruip. Eers het die seuntjie in die eenkant van die voorhuis, tussen die troepe gespeel. Toe sy moeder kom roep om by haar te kom, was hy so oulik om haar te sê, dat hy bang is om by die voordeur verby te loop, want hy kan maklik raak geskiet word. Maar die luitenant van die Engelse, wat daar in die huis was, vat hom op sy arm en met sy eie liggaam na die deur se kant, om self as beskerming te dien vir die seuntjie, bring hy die kind by sy ma.

Ons kan begryp hoe swaar die vrouwens met die kindertjies gekry het. om van so naby getuie te moet wees van die verskrikkinge van die oorlog. Uit hulle huise uit word geskiet op hulle eie mense, hulle broers, ooms, neefs en naaste bure, en elke oomblik verwag hulle maar dat die koeëls van die boere, by die deure en rame sal inkom. 'n Klompie mense, wat gedink het dat alles Engelse in die huise was, het al probeer om by die kombuis deur in te skiet. Dit was van Zijl se mense, wat onbekend was met die bewoners van die plase in die deel van die Lichten-

burgse wereld, maar Genl. de la Rey het hull gouw gestop en was baie ontevrede omdat hulle op die huise geskiet het. Die mense was self ook spyt, want die boere het geweet, dat 'n witmens nie kan skiet nie, as die vyand homself wegsteek agter mense, wat so min met die oorlog te maak het as vrouwens en kinders.

Kommandant Vermaas, met 'n paar van sy mense ja na die huis en bly op 'n afstand staan om te roep dat hulle moet uitkom om te veg soos manne, maar nie in 'n vertrek moet skuil nie, wat ook vrouwens en kinders herberg. Die troepe het natuurlik gesien, dat die kanse om uit te kom, of om te win verby was, en het hulle sonder om verder te skiet oorgegee.

Toe die geveg op sy hewigste was, het die boere soms nie geweet nie, waar hulle hulp die meeste nodig sou wees nie. Hulle het dan op die een kant, dan weer op die ander kant geskiet. Hulle was ook glad nie suinig met die patrone nie, en so het party nog uitgeraak. Eén van die jongkêrels, (dieselfde een, waarvan ons so pas gesien het), wat ook uitgeraak het en geen tyd wou vat om na die laerplek te ja nie, loop 'n ontwapende Engelsman raak. Die Engelsman was sonder 'n geweer, maar het nog geloop met 'n patroonband om. Die boertjie vra sy patroonband, maar word nie verstaan nie. Die troep verstaan gin woord Hollands nie, en die boertjie kan gin woord Engels praat nie, maar hy wil die patrone hê. Hy maak 'n plan. Hy vat die troep aan sy arm en lei hom na 'n miershoop. Hy klim op die miershoop en laat die Engelsman naasaan hom stilstaan. Toe die Engelsman nérens aan dink nie, kry hy 'n raak hou en val teen die grond. Die jong boertjie vat die patroonband en ja, weer ryk aan ammuniesie agter ander vyande aan. Dieselfde boertjie van toe was offisier met die ekspediesie na Duits Wes in 1915.

Genl. Lord Methuen het skynbaar met die voetgangers saamgery na die kraal of na die huise, want sowat halfpad tussen die plek waar die laer gevat is en die kraal kry

'n klompie burgers 'n gewonde offisier, wat met sy voete teën sy doodgeskiete perd, aanlê, en van wie die been, wat stukkend geskiet is, deur sy eie mense in alle haas, met 'n paar gewere gespalk is. Toe die mense sy wapens wil kom vat sê hy, dat hy Lord Methuen is, en sy wapens alleen aan Genl. de la Rey sal afgee. Die boere het toe soveel respek vir die Engelse voorman gehad, dat één wat die Rooitaal tamelik goed kon slaan, as wag by Lord Methuen gebly is, om op te pas, dat boere, wat nog van agter aankom, die gewonde man nie sou hinder nie. Onderwyl dat die gewoel en geveg, die geja en die hardloop aan die gang is, sal dit maklik kan gebeur, dat 'n gewonde elke keer 'n besoek kry van ander boere, wat nie gesien het, dat hy al deur die of die ontwapen was nie. Party was ook maar biesonder lief om 'n man te skud, om op die manier 'n goeie bedekking vir sy eie liggaam te kry. Die gewoonte was egter nie algemeen nie. Ons kry nou nog mense wat roem dat hulle nooit nodig gehad het om iets van 'n Engelsman te dra nie. Dit was meesal die mense, waarvan die vrouwens uitgebly het, en hulle altyd weer 'n plan kon maak om ou klere reg te maak. Toe die ou Generaal gesoek moes word, om by Genl. Methuen te bring, moes rondgery word, om hom te kry.

Die Generaal het die more ook maar swaar gekry. Hy kon nie orals tegelyk wees nie. In die eerste plaas moes hy oppas, dat hy nie van die burgers sou agterlaat nie, en hierin moes 'n mens baie versigtig wees. Op een plek sien die Generaal 'n paar mense eenkant ry en meen, dat hulle wil probeer om vry te kom van veg. Hy ry na hulle toe en dreig op 'n afstand met die karwats, en wys dat hulle moet ja, na die vegplek. Die twee perderuiters ry maar stadig deur net of hulle nie die minste gedagte het van die swaai met die karwats nie. Die Generaal ry verder in die rigting van die twee mans en sien toe eers dat dit Engelse was en dat binne twee honderd tree van hom af nog 'n klomp gewapende voetgangers lê. Gelukkig, dat die ou Generaal nie gouw gekrik het nie. Hy draai sag-

gies die perd weg en maak of hy geen gevaar gesien het nie. Later moes hy maak, dat hy by die gevatte laer kom, om te sorg dat alles ordelik sal gaan met die buitgoed. Die Generaal wou in gin geval toestaan dat elkeen maar sou vat, wat hy sien, wat goed is. Al die buitgoed moes bymekaar bly, tot die geveg helemaal afgeloop sou wees. Na afloop van die geveg sou elkeen sy deel kry.

Gedurende die tyd wat die man by Lord Methuen wag gehou het, voor Genl. de la Rey gekom 't, het Lord Methuen gemerk dat die man, wat by hom gebly het, ook 'n offisier was, want die jong boere het na hom geluister en sy orders uitgevoer. Een van die jong boere het 'n klompie papiere by Lord Methuen, gevat, maar alles weer gou aan die man op die wag, afgegee. Lord Metheun begin 'n bietjie met die man te praat oor wat voorgeval is in die distrik, en die man noem dadelik die treurige behandeling van die vrouwens en kinders, wat met die oorlog niks te make het nie.

Solang die gesprek gevoer is, het hulle die ou Generaal nog gesoek, en om hom te kry, was dit die maklikste om op die perde te let. Elkeen het die Generaal aan sy perd geken. Na 'n rukkie soek, kom Genl. de la Rey aangery na Lord Methuen, by wie nog altyd wag gehou word. Genl. de la Rey is nie eers so haastig, dat hy aangeja kom nie. Hy laat ou Bokkie (sy ou perd), maar sy gewone gangetjie loop. Die ontmoeting van die twee Generaals was natuurlik 'n bietjie om indruk te maak. Die één in sy offisiers-uniform ,met die hoë titel van Lord voor sy naam, lê as 'n magtelose gewonde op die veld. Die ander in 'n gewone burgerpakkie, wat alleen geleer het om boer te wees, maar deur 'n natuurlike aanleg dit gebring het tot die hoogste rang in die republikeinse burgermagte, staan as oorwinnaar voor hom. Die eerste na alle waarskynlikheid met die gedagte aan al die kwaad, wat hy gedoen het, nie alleen op die slagveld nie, maar wat onder sy oppertoesig aan die boere-gesinne gedoen is in verskillende gedeeltes van die ou Republiek, om nie

eers te praat van Genl. de la Rey se eie distrik nie. Die ander kon die gedagte aan wraak vir al die wraad aanwakker, en sou dan bly kan wees, dat die dag van vergelding aangebreek was. Maar Genl. de la Rey was nie alleen 'n vegsman van die eerste rang nie, hy was ook 'n Kristen en het die gedagte aan wraak geen pos laat vat nie in sy hart.

Toe hulle bymekaar is, vra Lord Methuen: ,,Is dit Genl de la Rey."

Genl. de la Rey gee antwoord en sê: ,,Ja, is jy Lord Methuen "

Lord Methuen sê: ,,Ja."

Eén van die manne van die staf van Genl. de la Rey sê: ,,Dan het Lord Methuen nou ook sy riempie styf geloop".

Lord Methuen sê: ,,Ja maar ek het nie my eie Kolom gehad nie, had ek die nog, dan sou dit anders geloop 't."

Genl. de la Rey sê: ,,Jy kan nie meer praat oor jou eie kolom nie, want die het ek al voor jou gevang in die slag by IJzerspruit.

Genl. Methuen sê: ,,Wel, dit was vanmore 'n ,,fairplay fight"!

Gen. de la Rey sê: ,,So! hoeveel mense het jy gehad?"

Genl. Methuen sê: ,,My mense was 1400."

Genl. de la Rey sê: ,,Maar dan was dit nie 'n ,,fairplay fight" nie, want ek het minder as 700 gehad en dan moes ek nog oor die vlakte aankom, en jy het al die miershope vir forte gehad."

In die tyd dat Genl. de la Rey by Lord Methuen was, is ook Ds. Naude bygekom, en het met sy kamera gou 'n paar foto's van een en ander geneem, maar die printjies is nie mooi duidelik in die boek, wat Ds. Naude geskrywe het, gekom nie. Ds. Naude is toe verder opgetree as tolk, waar dit nodig gewees 't.

In die verdere gesprek tussen die twee generaals maak Lord Methuen ook sy verontskuldiging oor die behandeling van die vrouwens en kinders en vra in besonder

na Mevr. de la Rey. Op die eerste gee Genl. de la Rey nie 'n antwoord nie en op die vraag oor sy eie huisgesin moet Lord Methuen hoor, dat Mevr. de la Rey in die vlug vir die Lord nog altyd gesond is, en na haar huis afgebrand was, sy van die wa 'n thuisplek gemaak het.

'n Rukkie later in die gesprek kom ook één van die Engelse kolonels vorentoe en sê: Genl. de la Rey kan bly wees, met die groot buit, wat hy gemaak het". Maar d i e gesegde was t e veel vir die ou Generaal. Hy word sommer op die plek kwaad, toe hy die woorde hoor, en in die antwoord, wat hy gee, kom die ware patriotisme van die Generaal duidelik uit. Die antwoord van die Generaal, gee die diepste van sy oortuiging weer, as hy sê: „Wat! buit! buit! buit! buit be damned! Ek veg nie vir buit nie. Ek veg vir my land en volk. Vir my part kan hulle die buit op 'n hoop dra en aan die brand steek."

Lord Methuen en die kolonel bly toe albei stil. Die hoë ideale van so 'n eenvoudige boer, in die paar woorde uitgedruk, was seker ver bokant hulle jakhals om 'n antwoord hierop te kry. Met gesels sou hulle nou nie verder kom nie.

Die Engelse Generaal was geskiet deur sy been en moes verpleeg word. Genl. de la Rey vra vir Lord Methuen wat hy die liefste sou verkies wat met hom gedoen sal word, en die Engelsman sê, dat hy liefs verpleeg wil word deur sy eie dokters, wat hom kan verstaan. Dit is hom toe dadelik toegestaan, want die boere-ambulans was maar skaars van verbandmiddele. Toe die boere Lord Methuen gekry het, was sy been op 'n manier gespalk met 'n paar gewere, maar nou kom die Engelse dokter en die boere-geneesheer Dr. von Raankampf, en hulle twee behandel die wonde so goed as maar mogelik was. Dit was natuurlik onmogelik vir Lord Methuen om op te staan, want die regterbeen was bokant die knie afgeskiet. Hy moes versigtig in die waantjie gedra word. Hoe nou verder met Lord Methuen gemaak moes word, hang nie al-

leen van Genl. de la Rey af nie, tenminste hy wil die opienie van die ander offisiere ook weet, en laat daarom, op di slagveld, 'n krygsraad beleg. Die meeste offisiere was gou bymekaar, en hier op die slagveld is dadelik deur die offisiere besluit om Genl. Methuen met één van sy eië ambulans waens weg te stuur na Klerksdorp met sy dokter, om daar in die hospitaal behandel en versorg te word. Ook werd die besluit geneem, 'dat Genl. Methuen sy persoonlike besittinge, die laaste dingetjie sou mag behou, ook sy eie waantjie. Dit het toe nog 'n rukkie geduur voor die gewonde generaal kon wegry, en in die tyd, dat hy nog daar lê, gaan ook die vrouwens kyk of hulle nie misskien iets vir hom kon doen nie. Hulle het noudat hy gewond is jammer vir hom gekry. Maar dit het gelyk of hy skaam gekry het. Hy trek sy keps oor sy gesig en vra dat hulle die vrouwens sal wegstuur. Wie weet, misskien het hy ook sleg gevoel, omdat die vroumense in die distrik al so swaar gekry het deur sy bevele. Solang hy daar moes bly lê, meen één van die burgers 'n goeie diens aan Lord Methuen te verrig, as hy die gesonde been ontdoek van die bekleedsel, maar die man word deur Genl. de la Rey weg gedryf.

By IJzerspruit het Genl. de la Rey net so gemaak. As hy sien dat een van die boere sy hande uitsteek aan 'n gewonde vyand is hy klaar met die karwats, om sy ontevredenheid oor so iets nie alleen te wys nie, maar ook te laat voel.

Die waantjie is nou klaar gemaak so gou as mogelik om vir Lord Methuen onder geleide van die wit vlag weg te stuur. Toe die burgers agter kom dat Genl. de la Rey besluit het om vir Lord Methuen na Klerksdorp te stuur, was party van hulle ontevrede. Hulle waag dit selfs om die waantjie te stop en wil dit met geweld terug haal. Hulle wou hulle woede koel en 'n krygsraad 'n vonnis laat vel oor die Generaal, wat buite die gevegte soveel kwaad aan hulle famielies gedoen het. Maar Genl. de la Rey was al weer 'n man van vlug handel

en snelle besluite. Hy maak die ontevrede burgers gou bymekaar en hou 'n warme toespraak, waarin hy die burgers daarop wys, hoe dit 'n Kristen nie pas om hom self te wreek nie, maar die wraak aan Hoër Hand moet toevertrouw. Na lang en mooi praat het dit die Generaal geluk om die ontevrede burgers tevrede te kry. Maar dit het omtrent 'n uur en 'n half gevat voor hulle ingestem het met die Generaal, dat die wreek van die kwaad, wat gedaan is, die boere se saak nooit beter sou kan maak, en die gevolg was, dat Genl. Methuen weer kon ry en nou gemaak het om in die pad te kom Klerksdorp toe.

'n Mens sou amper kan dink, dat daar 'n geestelike telegraaf-draad was tussen die ou Generaal op die slagveld en die ou President in Europa. Toe die ou President, te Utrecht in Holland, die berig van die slag kry, en hoor hoe Lord Methuen gevang was, het hy baie bly gevoel, maar toe één van die mense, wat by hom is die opmerking maak, dat 'n mens kon hoop, dat Genl. de la Rey vir Lord Methuen as gevangene sou hou, sê die ou President: ,,Ek sou dit nie goedkeur nie. Ek hoop dat de la Rey hom dadelik in vryheid sal stel, want ons as Boere moet ons tot die end as Kristene gedra, hoe onbeskaaf die Engelse ook al mag handel.'' Toe hy berig kry, dat Lord Methuen in vryheid gestel was, het hy op ondubbelsinnige wyse laat merk hoe bly hy hieroor was.

Soos ons vroeër gesê het, was by die laer, toe dit gevat is, amper niks anders as voetgangers nie. Die perderuiters, karre en trollies was uitgeja. Eén van die basters, wat nie so gelukkig was om ook 'n perd in hande te kry nie, en sien, dat hy nou in die boere se hande kom, doen niks anders as net vloek. Hy vloek so vreeslik, dat 'n mens dit nie kon hou nie. Hy vloek oor die Engelse so gou uitgeja het, sonder om hulle langer teë te set. Onderwyl dat hy nog so vreeslik vloek, raak 'n koël hom, en sy vloek was vir altyd gedaan.

Lord Methuen het deur die pyn nie al te vinnig kan ry nie, maar het die kortste pad gevat, wat hom ge-

wys is, deur die man wat Genl. de la Rey saamgestuur het met die witvlag. Dit was die jonge heer Tom Leask, 'n famielielid van Genl. de la Rey.

Die aand na die slag kom Mevr. de la Rey ook by die Boere. Sy was maar altyd in die veld, en kom na die geveg so gou as mogelik na die Generaal. Sy was altyd so na by die kommando, as wat sy dit kon waag vir haar eie veiligheid. Sy het altyd 'n goeie trommel gehad vir die papiere, wat die Generaal graag wou behou. Die het sy dan elke keer weer gebêre. Omdat die wa van Mevr. de la Rey nooit in die hande van die vyand gekom 't nie, is ook van die offisiele papiere van die Generaal geen enkele stukkie verlore gegaan nie. Al die rapporte, al die telegramme, briewe wat die Generaal ontvang of gestuur het, is op die manier bewaar gebly, en is nog in die besit van die famielie. Toe Mevr. de la Rey hoor, van die ontevrede burgers, wat Lord Methuen terug wou haal, het sy gesê, dat deur Hoër Hand sy lewe gespaar is, en dat die boere daarin die bewys moet sien, dat hy nog in die lewe moet bly.

Vernamelik deur die voorspraak van Mevr. de la Rey, het Lord Methuen toe die kans gekry om weg te kom. Maar deur die oponthoud en die noodsaak om stadig te ry, was Lord Methuen bang, dat die tyd op die vry-pas, wat hy van Genl. de la Rey gekry het, te gou verstryk sou wees, om in Klerksdorp te okm. Hy stuur Tom Leask om 'n tweede pas, uit voorsorg, omdat hy anders langs die pad weer moeite sou kan kry. Mevr. de la Rey stuur toe vir gewonde Generaal, 'n geslagte hoender en 'n klompie beskuit as pad kos, met die inligtings hoe die hoender gaar gemaak moe tword. Die volgende dag ry Mevr. de la Rey om te sien hoe dit gaan met Lord Methuen; sy het jammer vir hom gekry, en wil hom gaan sien. Lord Methuen het toe gestaan op Gestoptefontein, en Mevr. de la Rey moes 'n goeie endjie ry om bij hom te kom.

Toe sy by die tent kom, wat vir Lord Mthuen by die uitspanplek opgeslaan is, sê Tom Leask, dat dit ver-

niet sal wees om te dink, dat sy by die gewonde toegelaat sal word, want op die slagveld het hy al gevra om die vrouwmense nie by hom te laat kom nie. Die dokter van Lord Methuen kom na buite om te vra, wie gekom het met die kar. Hy vertel toe aan Lord Methuen dat Mevr. Genl. de la Rey gekom het om te kyk, hoe dit met die gewonde gaan. Sy mog toe in kom en vra aan die gewonde Generaal hoe dit met hom gaan. Hy het baie gekla en gesê dat sy hele lyf seer is, en dat dit swaar is, om so in die wa te moet ry. Mevr. de la Rey sê hom, dat sy dit goed kan glo, maar nou kan hy voel, hoe swaar dit vir haar moet wees om dag vir dag te moet ry, sonder om 'n huis te besit, waar sy kan bly, na Lord Methuen haar huis afgebrand het. Hy sê, dat hy nie anders het kan maak nie, omdat die huis so dig by Lichtenburg gestaan het en Genl. de la Rey maklik sy eie huis en werf sou kan gebruik om 'n klomp mense bymekaar te maak om die lewe vir die Engelse in die dorp swaar te maak. Hy vra ekskuus vir die swaar, wat hy Mevr. de la Rey aangedoen het, maar hy het nie anders kon maak nie. Mevr. de la Rey sê hom toe, dat hy nie nodig het om ekskuus vir haar huis alleen te maak nie, sy het nie verlang dat haar huis moet bly staan nie as die huise van haar mense afgebrand word. Lord Methuen sê, dat hy jammer vir haar kry, as sy altyd so moet rondtrek van die een plaas na die ander, maar sy gee as antwoord, dat sy al haar reise totsover nog goed deurgekom het en daarom nog altyd gesond voel. Na nog so 'n bietjie praat oor een en ander, maak Mevr. de la Rey klaar om weer te ry. Voor sy vertrek, het Lord Methuen toe sy dankbaarheid betuig vir die vriendelikheid om hom nog te besoek en die betuiging van dankbaarheid aan die ou Generaal saam gegee vir die kanse om Klerksdorp toe te mag gaan.

Toe die burgers hoor, dat Mevrê de la Rey nog 'n besoek aan Lord Methuen gebring het, en nog vir die man beskuit en 'n geslagte hoender gestuur 't, was hulle kwaad op die ou tante, en het soms amper sleg oor haar

gepraat. Maar sy het hulle mooi tereg gewys en gesê, dat 'n boer hom nooit mag wreek nie op 'n man, wat gewond is, want die koeël waarmee die man die wonde gekry het, is deur Hoër Hand bestuur, en as Die sou meen, dat die man moes dood kom, dan sou Hy die koeël op 'n ander plek laat tref het.

Toe dit al vrede gewees het, het Mevr. de la Rey nog 'n brief van Lord Methuen se vrouw gekry, waarin sy Mevr. de la Rey bedank vir al wat sy aan Lord Methuen gedoen het en veral vir die voorspraak, toe die burgers met geweld wou dwing, dat oor Lord Methuen 'n krygsraad sou sit.

Soos ons gesien het, het die Engelse perderuiters hulle bes gedoen om uit te ja, en het die muilwaens agter hulle aangekom. Hulle het van die slagveld in noordwestelike rigting deur die rivier en deur die vlei geja, maar 'n groot gedeelte van die boere het hulle perde die spore gegee en die waens voorgekeer, voor hulle nog baie ver deur die rivier gekom het. Die Engelse het hier weer probeer om teëstand te bied, en by 'n turksvye-laning in 'n voor posiesie gevat. Maar dit het hulle nie veel gehelp nie, die boere was te gouw by, en 'n groot gedeelte van die Engelse se moed was uit. Die paar wat nog by die vier kanonne by die turks-vye was, aan die westekant van die rivier, het hulle oorgegee aan nege man, waarvan die meeste nog lewe. Die swaarste was om die muilwaens in hande te kry, want die kaffers en basters, wat hierby was, het maar geslaan en geja om uit te kom vir hulle lewe, en die boere het orders gehad om nie al die goed dood te skiet nie. Hulle moes hulle bes doen om net een van die voormuile plat te skiet, want dan ruk die hele span inmekaar en kan nie verder kom nie. Soms het 'n boer 'n span ingeja om die span heel te hou en moes dan die leisels uit die hotnot se hande ruk. Eén van die boere ja op die manier 'n muilwa in en skree om hulle te laat stop, maar hulle ja deur. Die boer ja aan die hot-kant so naby dat hy die een leisel het kan vat, maar die hotnot sukkel nog om deur te ja. Die

boer was verplig om te skiet, en eers na die skiet het die wa in sy mag gekom. Die muile het gaan stilstaan. Toe hy die leisels wil gaan regtrek kom 'n Engelsman en skiet onverwags op die man. Met dat die Engelsman skiet val hy sommer langs sy perdaf, maar spring dadelik weer op. Hulle was toe so dig bymekaar, dat die gewere teën mekaar geslaan het, maar die boer is die oorwinner gebly. Dit het nie lang gevat nie, of al die muilwaens was in die boere se hande, en is teruggebring na die plek, waar die ander waens en kanonne gestaan het. Die krygsgevangene troepe, kaffers, hotnots en ander goed soos die ,,National Scouts," is ook alger bymekaar gebring.

Genls. de la Rey, Celliers en van Zijl is toe by al die buitgoed, krygsgevangene en gewondes gebly om alles te reël, maar Genl. Kemp en 'n klomp mense is nog agter die perderuiters in. Elke keer het hulle weer enetjie gekry, wat dan teruggestuur is na die laer. Soms kry hulle nog één van wie die perd doodgeskiet is, en as voetganger probeer om uit te vlug. Dig by die kamele (die bosse op Kameelboombult), ja Genl. Kemp met drie man ook 'n voetganger in, 'n hotnot, wat met die geweer in die hand vinnig aanstap. Die hotnot was sonder perd en sonder 'n hoed op sy kop; maar hy wil nie bly staan en nie oorgee nie. Elke keer kyk hy so'n bietjie om en één van die burgers sê vir Genl. Kemp dat hulle maar die hotnot moet skiet, v o o r hy één van hulle seermaak, maar die Generaal lag en sê: ,,Hoe lyk dit of jy nou wil bang word vir 'n hotnot?" Die burger sê: ,,Ek is nie bang vir die hele laer nie, hoe kan ek dan vir 'n hotnot bang wees; maar ek sê hy sal één van ons kan skiet. Die Generaal wou hom liewers vang en laat aanroer om by hom te kom. Toe die hotnot sien, dat die boere ongeveer 50 tree van hom af is, draai hy om, en gaat op sy knieë staan, en skiet die perd van die Generaal onder hom plat. Die dier was dadelik morsdood. Die boere het die hotnot, (hy wou nie ,,hands-up" nie) toe dood geskiet met die derde skoot.

Daar staan die Generaal toe sonder perd, en dit sou verniet wees om die vlugtende vyand met die voet te agtervolg. Vir die Genl. is toe eers 'n ander perd gesoek, en toe een gekry is, en hy in die dier se rug sit, moes hy maar omdraai, want die vyand was te ver voorgekom solang hy voetganger gewees het.

Die burgers is nog agter die Engelse in, en elke keer het hulle nog geskiet en gevang onder hulle tot op Taaiboschpan en Springbokpan. Hier is die eintlike vervolging opgehou, van die klompie wat baie goeie perde gehad het, maar hulle was nou nog nie veilig nie, want hulle moes nou nog oppas vir die mense, wat genoem werd, die lynwag. Die lynwag het gestaan in die rigting van Klippan en toe één van die wegvlugtende khakies op 'n huis klim om te spioen of hy hulle nie sien nie, steek hy nog maar net sy kop uit of 'n koël fluit langs sy ore. Hy spring sogouw as hy kan van die dak af op 'n bakoond teën die muur, maar met die spring trap hy die verwelf van die oond in en staan in die as. Vaal van die as spring hy uit die oond, klim op sy perd en is so gelukkig, dat hy uitja. Dit was 'n Engelse boer en later het hy die man van die lynwag, wat op hom geskiet het, ontmoet, en moes toe self lag, toe hy hoor vir wie hy gevlug het, want die mense van die lynwag was helemaal onseker van wat aangegaan het.

Toe hulle die perderuiters so met geweld sien kom, het hulle nie kon uitmaak wat dit beteken nie. Hulle het die geskiet kan hoor, maar het nie geweet, wat die uitslag van die geveg was nie. Hulle moes spioen en één van hulle mense ry vas in 'n klomp Engelse op Taaiboschpan. Van hulle hoor hy, hoe die vurk in die hef sit en ry terug om dit vir die ander mense te kan vertel. Maar dit was toe eintlik nie meer nodig nie, want daar was al meer, wat met die wegjaende Engelse of met 'n burger, wat nog agter die troepe in was, gepraat het. So het maar 'n klein gedeelte van die kolom van Methuen, die gedeelte wat die sterkste perde gehad het, Mafeking bereik, sonder ontwapen te word.

Al die gevangene en gewondes is die dag bymekaar gebring, in die nabyheid van die huise van Mnr. Coetzee op De Klipdrift 235. Van die één huis is 'n hospitaal gemaak. Die bale wol, wat in die huis was, werd oopgesny en die swaar gewondes daarop gelê. In die huis was dit so vol, dat 'n mens nie geweet het, hoe om jouself te draai nie. Dit was 'n gekreun en gekerm, dat 'n mens sterk moes wees om dit alles te kan staan. Die mense van die ambulans het hulle bes gedoen en ook Mevr. Coetzee het nie stil gesit nie maar gehelp waar daar 'n kans was. Onder die gewonde mense was twee offisiere, n.l. Luit-Kolonel Venning, 'n bejaarde man van in die sestig en 'n jonge man van 21 jaar, Kol. Wilson. Luit.-Kol. Venning het sag sy laaste asem uitgeblaas na die ou tante gegroet te hê met die woorde: ,,God bless you!'' Die ou man is deur die Engelse in die huis baie geprys en hulle het gedink, dat hy die vernaamste in die laer was na Lord Methuen.

Behalwe by Mevr. Coetzee, waar die groot klomp gewondes bymekaar was, is ook enkele gewondes tereggekom by ander huise op die plaas. Dit was mense, wat geskiet is, toe hulle in die pad was om te vlug, en dan maar gebring is na die huis, waar hulle die naaste aan was. By die huis van Mnr. de Kock was twee gewonde offisiere en twee gewonde manskappe. By ander mense was ook nog enkeles gewees en waar hulle aangebring is, is hulle verpleeg so goed as wat die mense dit het kan doen.

Alleen die swaar gewondes, vir wie maar min kanse was om weer te herstel, is die eerste drie dae in die huis gebly, wat as hospitaal ingerig was, maar teën die aand is die liggewondes en gevangene in twee afsonderlike klompe bymekaar gemaak, om weggestuur te word oor die westelike grens van die distrik Lichtenburg.

Tussen die ongewonde krygsgevangene is dertien basters uitgesoek, wat deur die boere agtergehou werd, om hulle te laat voorkom weëns moord op Koos Steyn

en Cornelis Jooste. Die ander klomp, dit was 859 (Ds. Naude, Vechten en Vluchten van Kemp en Beyers, bl. 333) is weggebring deur ongeveer 40 boere. Dit het 'n hele kommando gelyk, want Generaal de la Rey het, nou die mense gevang was, goed vir hulle gesorg. Hy wou nie dat hulle aan iets gebrek moes ly nie. Vir die krygsgevangene offisiere was waens beskikbaar gestel om op te kan ry. Om die klomp mense van drinkwater te kan voorsien het Genl. de la Rey waterkarre saamgegee, en vir kos, nog 'n wa vol van die kos, wat van die Engelse gebuit is weer vir hulle saamgestuur.

Die aand het hulle gekom tot op Kameelboombult, maar toe die klomp daar kom, is dit te donker geword om verder te trek, en boere sowel as Engelse het verlang om 'n bietjie te kan rus. Die nag tussen die sesde en sewende was die boere wakker gebly en het vroeg die môre van die sewende begin te ja en het die hele dag moet veg en ja en rondry. 'n Mens kan begryp dat hulle gedaan gewees het, maar die Engelse voetgangers was die sewende ook al van die nag om twee uur begin stap van Tweebosch na De Klipdrift, hulle het ook 'n swaar dag agter hulle en het ook amper nie verder kan loop nie. Die boerewag gee orders aan die gevange kaffers, wat die waens dryf, om uit te span en vas te maak. Die kaffers kry tewens die opdrag om die volgende môre as die môre-ster uitkom in te span om aan te ry pad langs. Die gevangene gaan algaar lê en slaap, maar die boere-wag wil ook nie wakker bly nie. Om te maak dat die groot klomp Engelse hulle in die nag nie sal kan oorrompel nie as hulle vas slaap, ry hulle weg en maak of hulle maar wil bly rondkyk. Hulle ry 'n paar honderd tree vorentoe, maak toe 'n groot draai, ry stap-stap deur die bome en kom sonder dat die Engelse wat van hulle weet, baie naby aan hulle slaapplek. Die offisier van die boere het sy planne om te gaan slaap natuurlik stil gehou tot hulle gerus kon wees vir die Engelse, en dit het gemaak dat twee van die boere

van hulle mense afgedwaal het in die nag. Die twee het vooruit gery om drinkwater te soek en het gedink dat die klomp sal aankom. Toe hulle verniet wag ry hulle terug en kom by die waens en waterkarre, waar die Engelse om heen lê en slaap. Hier vra die twee mans waar die boerewagte is, en die kaffers vertel, dat die boere weggery is. Hulle gaan ry toe met die pad terug na De Klipdrift, maar kry gin wagte nie. Hulle hou aan met ry tot hulle by die laerplek kom, maar het eers die volgende môre gehoor, hoe die wag is gaan slaap, vlak by die gevangene ,maar eers 'n groot draai gemaak het, om veilig te wees vir oorrompel. Die twee mans moes nou by die hoofkommando bly.

Die boere-wag het eers die volgende môre opgestaan, toe dit al goed lig gewees het. Die gevangene was al in die pad en die kaffers drywe die waens, soos hulle georder is. Vir die boere was dit 'n snaakse gesig, want die gevangene loop die hele wereld vol. Die een loop hot, die ander haar; dan moet 'n boer ja om 'n paar aan te keer, wat te ver regswegdraai, dan weer moet één ja om 'n klompie reg te help, wat te ver links hou. Maar dit het swaar gegaan om hulle in die koers te hou. Onder die gesukkel het die klompie boere toe 'n gelukkie gekry. Tussen hulle en die Engelse hardloop 'n springbok teën die bult, en die boere besluit om 'n sarsie te maak op die bok om op die afsaalplek wildvleis te kan braai. Dit was met die bok natuurlik gou klaarpraat. As tussen die dertig en veertig boere korrel vat na één bok en tegelyk gaan skiet, behoor die bok aan hulle. Die gevangene skrik van die sarsie, wat die boere skiet, en dink dat dit op hulle is, omdat hulle so wyd uitmekaar loop en nie wil hoor as hulle bymekaar gekeer word nie. In 'n kits is hulle in 'n bondel bymekaar, en bly nou verder mooi in die pad. So gaan dit tot op Klippan, waar uitgespan word, en waar die boere die springbok lekker braai, en die kos wat nog op die wa is, ronddeel onder die Engelse.

Klippan was in die oorlog sowat die westelikste van die bewoonde plase in die deel van die distrik, en die veertig boere is hier lui geword, om verder saam te gaan. Hier het hulle die khakies aan hulle lot oorgelaat, en terug gery. Die Engelse is toe in die pad geval en het nou aangesukkel tot hulle weer in diegeleentheid sou kom, om aan te sluit by 'n nuwe kommando.

Hier het weer uitgekom, watter skade dit vir die boere gewees het om die krgysgevangene te moet loslaat. Die klomp wat deur Genl. de la Rey so mooi behandel is, vir wie hy kos en water en padwysters gegee het om by hulle eie mense te kan kom, kon opnut uitgerus word en met drie dae die boere weer gaan skiet. Genl. de la Rey het dit geweet, maar het hulle daarom nie swakker behandel nie.

Kort na die krygsgevangene is ook die mense, wat nie swaar gewond was nie, weggestuur. Hulle is op ag waens gelaai en het gestaan onder toesig van éen boere-korporaal met ag burgers by hom. Die g-wonde mense het alles saamgekry, wat in die veld beskikbaar gewees het, om vir hulle te laat kry. Dieselfde pad, wat met die krygsgevangene gegaan is, moes die gewondes ook op, en hulle het die nag ook oorgestaan in die kamele. Die volgende more is hulle weggedraai na Taaiboschpan toe, waar hulle weer uitgespan het. Hier het die korporaal nog vir die gewonde mense 'n bees laat skiet en slag, omdat hy bang was, dat hulle deur die wonde en pyn sou verswak, want hy was self 'n keer gewond gewees, en het geweet, dat versterkende kos, amper net so nodig was as medisyne.

Van Taaiboschpan is hulle met die gewondes verder na die Weste toe gery, tot hulle gekom is, buite die grense van Transvaal, waar hulle met waëns en al afgegee is, aan die Engelse wagte, onder voorwaarde, dat hulle die waens moet terugstuur. Die Engelse het hulle gehou of hulle baie dankbaar was, en het later eerlik die waens teruggestuur. Die nege boere is by Maritsana omgedraai, om weer by die kommando te kom om verslag te kan gee van hulle wedervare tot by Maritsana, maar hulle kry

hulle mense nie meer op De Klipsdrift nie. Hulle moes verder ry, want die laer het verset.

Genl. dela Rey het na die versorg van die gevangeneen gewonde vyande eers vir sy eie mense kan sorg, en het gesien, dat verset van die laer noodsakelik gewees het. Op die slagveld was te veel doodgeskiete diere, en te veel lyke van mense, om na die vermoeienisse van die dag, lekker te kan rus. Vir die orde stel op die buitgoed was dit ook beter om alles te bring na 'n ander plek, en daarom het die Generaal orders gegee om alles oor te bring na Klein-Hartsrivier, amper na die plek, waar hulle die vorige nag geslaap het.

Vandie Engelse laer was die mense toe al almaal weg, behalwe die dertien basters, wat nie met die gevange mense saamgestuur is nie. Oor hulle het 'n krygsraad gesit, omdat hulle beskuldig was van moord. Op die krygsraad is toe duidelik geword, dat die basters skuldig gewees het aan 'n gruwelike moord op die twee boere Steyn en Jooste, en hulle is veroordeel om doodgeskiet te word. Om die vonnis te volvoer is deur die offisiere opdrag gegee aan 'n paar mense, wat eers na die Engelse kampe gegaan is, om te „hands-up", en toe weer spyt gekry het oor hulle eie ontrouw, en op 'n goeie dag weer weggeloop is na die boerekommando. Hulle het die sewende Maart weer vir die eerste keer saam geveg, en die offisiere het 'n proef wil neem, om te sien, of hulle nou te vertrouwe sou wees, deur hulle op te dra om die vonnis oor die basters uit te voer. Die paar boere het lekker gevoel en het sonder enige objeksie te maak, die basters doodgeskiet. Die 13 basters, wat so parmantig gepraat het op Tweebosch, met die vrouwmense het nou werkelik soos geel kraaie op die veld gelê en doodgaan.

Toe die boere met hulle eie perde, met al die buitgoed, kanonne, muile, osse en waens vertrek het, moes die Engelse ambulans begin om die dooies te begrawe. Dit het hulle baje moeilik geval, om die lyke in die hande te kry, want die slagveld is baie uitgestrek gewees, en die ambulansmense was natuurlik onbekend op die Lichtenburg se

plase. Die lyke het versprei gelê oor die plase Ruigtevlei; Palmietkuil, Leeuwkuil, De Klipdrift, Tochgevonden en Kameelboombult. Die meeste lyke het gelê dig langs die trekpad van die laer en die vlugpad van die perderuiters, maar enkele is onder die wegja deur die veld op 500 tree of nog verder van die pad geval en die hele veld moes opgeneem word. Ook in hierdie werk het Genl. de la Rey wil wys, dat hy eerbied voel vir die vyand, wat in 'n eerlike geveg sy lewe verloor. Hy wil hulle nie in die veld deur die ongedierte laat verskeur of hulle geraamtes in die son laat lê te bleek nie; Hy staan ses burgers af en laat 40 kaffers aanwys om met mekaar die lyke te soek, aan te dra en te begrawe, saam met die Engelse ambulans en bediendes. Die ses boere, wat gekom is om te help, toe die Engelse gedink het, dat hulle werk al so goed as klaar gewees is, het nog 75 lyke begrawe, en moes nog verklaar, dat hulle nie kon verseker of daar nie nog misskien iemand is bly lê nie.

Die eerste dae was dit moeilik om die lyke te kry. Die dag na die slag soek 'n paar vrouwens tussen die dooie diere die vet osse uit, om die vet te kan kry om daarvan seep te kook. Hulle kom by 'n os, wat baie vet lyk en sny die dier oop om die binnevet te kry. Ongelukkig sny hulle 'n biekie diep en gee daardeur kans aan die wind in die dier, om te ontsnap. Dit maak so'n gegons, dat die vrouwens skrik en agteruitspring. By die agteruitspring val hulle oor twee lyke, wat met sakke toegedek was. Ons kan aan sulke dinge sien hoe swaar dit gewees het om die lyke te kry. Dit het dae gevat voor hulle gemeen het: nou kan ons ophou met soek.

Die meeste lyke is begrawe op die plaas Leeuwkuil 95, waar nou 'n goeie, onderhoude kerkhof is, met twee draadheinings daaromheen. Sommige van die graftes is versier met mooi marmer stene, ander weer met yster kruise. Tesame is daar sowat tagtig kruise en stene.

Die boere het hulle gevalle mense saamgeneem met die laer [illegible] hulle te begrawe op Kareelaagte. Van die boere het die dag ag mense geval, terwyl nog éen dood is

aan sy wonde. Van die dooies het ons die volgende paar name kon kry: Van der Merwe, Esterhuizen, Potgieter, Joubert, Ferreira, Jan Louw, en I. Babenhorst. Verder het die boere nog elf gewondes gehad, sodat van hulle maar net 20 raakgeskiet is. Van die Engelse was die getal 400 dood en gewond (Ds. Naudé in Vechten en Vluchten, bls. 333).

Op Kareelaagte het die mense al ongeduldig geword en wou hulle deel van die buitgoed graag so gouw mogelik hê. Hier het weer mooi uitgekom, hoe Genl. de la Rey ook na so'n pragt'ge slag geen uitbundige vrolikheid wou toestaan nie. 'n Paar van die artilleries en 'n boer het die rum van die Engelse-bygekom, en het die verleiding om hiervan meer te proe as wat hulle kan staan, nie kan weerstaan nie. Die Generaal merk dat hulle hoog in die takke is en laat dadelik 'n vonnis oor hulle uitspreek, om 'n bepaalde aantal slae met die stiegriem te kry. Die boer is so tussen duim en vinger weggeraak, en is op die manier vrygekom, maar die twee ander is dadelik gevat, oopgetrek en so goed geslaan, dat hulle wel sou oppas om by die kommando nie weer soveel te drink, datdie ou GNeneraal vat aan hulle kan kry nie. Ook in die opsig het die Genl. geen mens voorgetrek of agteruitgeset nie.

'n Kommandant, wat nie op die algemene delery van die buitgoed wou wag nie, het begin om van die goedjies vir sy mense te kom vat en het seker gedink dat Genl. de la Rey 'n kommandant stil sou laat gaan. Hy het Genl. de la Rey nie goed genoeg geken nie, want toe die Generaal sy handelwyse sien, meen hy dat 'n kommandant nog swaarder straf verdien as 'n gewone burger, as hy iets doen wat buitekant die orders van die hoofoffisiere is. Die Generaal het met sy sambok gekom en die kommandant geslaan dat hy skree. Hy het self vir die kommandant 'n kafferpak gegee.

Om die buitgoed te deel is 'n lys opgemaak van die manne van elke veldkornetskap en na die aantal manne is dit afgedrae aan die verskillende veldkornette. Die veldkornette moes toe die koffie, suiker, skoene en klere onder

hulle mense gelyk uitdeel en so het dit gegaan sonder ongenoege en ontevredenheid. Die perde en muile ht die eiendom van die Regering gebly, maar is onder die verskillende kommando's gedeel om te gebruik.

Die osse is ook gedeel, maar omdat party van die mense niks kon saamvat nie, omdat hulle in die oorlog gin ander thuisplek geken het nie dan alleen die rug van die perd waar hulle op ry, op die plekke veld, waar hulle afsaal, moes 'n groot gedeelte van die swaar goed op 'n kommando-vendusie kom. Ons kan egter begryp, dat elkeen bang gewees het om geld vir osse en waens uit te gee, want die Engelse sou dit oor 'n paar dae maar weer kan vat, omdat hulle gin persoonlike eiendom erken het nie. 'n Ordentelike goeie wa met al sy toebehore soos trektouwe, jukke, domkrag ens., is verkoop vir 30/-; twee groot voor- en twee sterk agter-osse is saam verkoop vir 54/-; 'n nuwe bokseil het opgebring 10/6, en 'n paar eersteklas kartuie is toegeslaan vir 2/6. Die eet- en drinkgoed het egter meer liefhebbers gekry. Mense, wat hulle koffie of suiker nie wou saamry op die perd nie, het hulle deel ook laat opveil en toe is van party mense die koffie verkoop vir 12/6 die pond, en die suiker het per pond dieselfde opgebring. Vir iets wat lekker was of waar die mense lief voor was om te gebruik, het hulle gin geld ontsien nie. Die rum, wat oor was, is opgeveil vir £1-1-0 die bottel.

Die geld het maar min waarde gehad by party van die mense, want hulle was maklik aan die geld gekom by die buit en het nie geweet of hulle ooit weer dit sou nodig kry nie. Ongelukkig dat die goedjies, wat so duur voor betaal is, by 'n kommando ook nog altyd onveilig gewees het. Die buitmaak by die vyand het sommige mense nie tevrede gemaak nie, en hulle is soms ook nog gaan buit by hulle eie krygsmakkers. Genl. de la Rey het die kwaaddoen belet soveel maar in sy vermoë was, maar enkele mense luister nie na die mees vaderlike vermanings nie.

Toe Genl. de la Rey gedink het, dat alles wat met die slag in verband gestaan het, gereëel en afgeloop was, het hy die mense algar nog 'n keer bymekaar geroep om

'n toespraak te hou. Toe die Generaal begin te praat, het die mense groot lag gekry oor die eerste woorde, want die Generaal sê, dat hy bly is dat die strydkreet wat deur 'n klomp mense uitgeskree is toe hulle orders gkry het om te storm, sulke goeie vrugte gedra het. Hy het net hoor roep: „jam, jam!" en hy is bly dat hulle jam gekry het. Maar op die manier is die Generaal nie deurgegaan nie. Hy bedank al die burgers vir die dappere daad, wat hulle gedoen het en veral vir die gelyk bly na die orders om te storm. Hy het selfs gesien dat 'n burger, van wie die pêrd doodgeskiet was met dievoet so vinnig vorentoe gekom het as die ander met die pêrde en tegelyk met hulle in die Engelse laer gekom het. Hy het altyd gehardloop en as sy maats afklim om te skiet, het hy deur sy ratsheid kan bykom. Sulke dinge sien die Generaal graag, want hy kan met die ander offisiere niks doen, as die burgers nie hulle arms sterk nie. Hy bedank al die burgers en offisiere vir hulletrouw, gehoorsaamheid en dapperheid in die geveg. Al sal die slag nie die deurslag gee nie, om die uiteindelike oorwinning op die vyand te behaal, al sal ons oor die oorgrote mag nie segevier nie, sê die Generaal, dan is hy tog seker, dat vir die nageslag die geveg op Klipdrift tot segenende aandinking sal bly; die nageslag sal met eerbied en respek terugdink aan wat die sewende Maart gedoen is.—

Waar die Generaal die burgers so bedank en op hulle dapperheid wys, waarskuw hy hulle om nie hoogmoedig te word nie, maar goed te bedink, dat ook die oorwinning van die slag alleen te danke is aan die leiding en bestier van Hoër Hand. Sonder die hulp van Bo was dit ondinkbaar om die oorwinning te behaal op 'n meer dan twee keer so sterke vyand, wat alles van die beste saamgeneem en gestaan het onder bevel van één van die beste Generaals, wat die Engelse gehad het. Die eer van die oorwinning moes alleen gegee word aan Hom, wat ook in die stryd Sy Almag toon en alles beskik na Sy Wil. Aan Hom alleen moes die dank kom, dat van die burgers

maar net nege man verloor is, terwyl die vyand vierhonderd aan dooies en gewondes in die burgers se hande moes laat val. Na nog 'n keer die burgers hartelik te bedank, sluit die Generaal sy toespraak met elke man vir 'n paar dae verlof te gee en ons kanbegryp, dat die burgers van wie die famielies nog in die distrik was, gou gemaak het om by hulle huise te kom. Die verlof het maar kort kan duur want Genl. Kekewich het na die slag gaan trap met sy kommando so gou as hy die laer het kan vervoer, maar hulle kon hom elke dag weer terug verwag.

Die burgers, wat die gewonde mense oor die lyn gebring het, het eers terug kon kom toe die burgers al bedank was, en al huistoe gery het. Hulle het op die manier niks van die buitgoed gekry nie, maar mog in die plek daarvan die perde hou wat hulle met die terugkom opgevang het.

Lord Methuen het gelukkig herstel van sy wonde, maar het altyd 'n bietjie kreupel geloop na die tyd, wat Genl. de la Rey 'n keer die kans gegee het om te sê, dat Lord Methuen gesond geword het, maar die merk sal bly dra, wat hy van die Generaal ontvang het. Lord Methuen het die waantjie waar hy mee na Klerksdorp gery is, nie wil hou nie, en het dit aan Genl. de la Rey teruggestuur. Die waantjie is vandag nogop die werf van Genl. de la Rey, word elke keer nog gebruik en so nodig herstel, en bly so vir ons nog altyd daar as 'n sprekende bewys hoe **Lord Methuen uitgeoorlê is deur Generaal de la Rey.**

A. H. KOOMANS BEPERK



BUS 123 :: POTCHEFSTROOM